# MPUMALANGA VOORLIGTING NUUSBRIEF

**Komatipoort**
WILAN NIEUWENHUIZEN
RCL Komatipoort Mill, R571 Road, Komatipoort,
+27 (0)13 723 4177 | +27 (0)67 597 0203
wilan.nieuwenhuizen@sugar.org.za




**Malelane**
JAN ERASMUS
MCGA Gebou, Mhlati Plaas
+27 (0)66 114 0656
jan.erasmus@sugar.org.za





**P&D**
KARLIEN TRÜMPELMANN
Laeveld LPD&VCC Kantoor, Mhlati Plaas
+27 (0)83 335 3846
karlien.trumpelmann@sugar.org.za




## RSD WAARSKUWING!

Daar is 'n toename in die aantal lande wat positief toets vir ratoen verdwerging (RSD) in die Laeveld. Sien figuur 1.




**Figuur 1:** RSD-besmette lande.

### Hoe versprei RSD?

RSD word hoofsaaklik versprei deur die plant van besmette saadriet, die oorlewing van besmette opslagriet en ook die oordrag van die bakterië op besmette toerusting soos kapmesse en meganiese kapmasjienerie.

### Waarom is RSD 'n kommer?

As 'n bakteriële infeksie, beperk RSD die vloei in die xileem vaatbundels. Aangesien RSD versprei met kaptoerusting, word al hoe meer polle besmet met elke oes. As gevolg hiervan verhoog die verlies in opbrengs met elke daaropvolgende oes (sien figuur 2). Verliese is mees omvattend wanneer riet onder stres verkeer.

# Riglyne om die verspreiding van RSD te beperk

'n RSD-vrye plaas is die mees effektiefste verweer teen die verspreiding van RSD.
Ook, die beperking van enige RSD besmetting tot 'n plaas is deurslaggewend om die verspreiding van RSD reg deur die streek te beperk, veral binne 'n kapgroep. Sou 'n land RSD positief toets op u plaas, hê die hoflikheid om die res van u kapgroep in te lig.

**PLAASBEDRYWIGHEDE WAT DIE VERSPREIDING VAN RSD SAL BEKAMP SLUIT IN:**

- **Ken die RSD status** van u lande (versoek 'n opname deur die Biosekuriteit kantoor te kontak by 066 257 3926)
- **Verseker dat die ou staande oes geheel en al uitgeroei is** voordat 'n land herplant word. Hierdie is veral belangrik as die land RSD positief getoets het. 'n Rietvrye periode om te verseker dat daar nie enige hergroei van opslagriet is nie word vereis.
- **Plant slegs gesonde saadriet** (gebruik slegs gesertifiseerde -of goedgekeurde saadriet vir plant doeleindes). 'n Saadriet Komitee en saailing kwekery is op die been gebring en ekstra warm water behandelingsbaddens (HWT) word vervaardig ter voorbereiding van die suikerbedryf se Saadriet Visie 2028.
- **Bestuur landhigiëne** gedurende beide die plant sowel as die oes proses, deur te verseker dat enige suikerriet boerdery toerusting doetreffend ontsmet is.

Vir meer inligting oor RSD, verwys na SASRI-inligtingstuk 9.1



**Figuur 2:** Gesonde riet (links) in vergelyking met RSD besmette riet (regs).



Copyright subsists in this work. No part of this work may be reproduced in any form or by any means without the publisher's written permission. Whilst every effort has been made to ensure that the information published in this work is accurate, SASRI takes no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of the reliance upon the information contained herein. The use of proprietary names in this publication should not be considered as an endorsement for their use.